Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 13 SEPTEMBER 2017 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Ander raadslede:
Rdl M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter. Die voorsitter verwelkom lede van die burgemeesterskomitee, beamptes en rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan die lede van die pers.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

3.1 MEDEDELING DEUR DIE VOORSITTER: ERNS VAN DIE WATER SKAARSTE

Rdh Van Essen noem dat die stadsvaders in die sosiale media beskuldig word dat daar op die louere gerus word en die erns van die water skaarste nie besef word nie, en dat verbruikers dan die prys hiervoor sal moet betaal.

Almal sal tot 'n besef moet kom dat dit een van die grootste rampe is wat die Weskaap en die Swartland nog in die gesig gestaar het. Die stand van damvlakke is tot 40% laer as verlede jaar.

Daar sal 'n taakspan, soos tydens die storm, aangewys moet word om deeglik te besin oor water voorsiening aan gemeenskappe te midde van hierdie krisis. Die volgende komponente is ter sprake wanneer die water skaarste oorweeg moet word:

3.1/...

(1) Kommunikasie/Inligting Komponent

- alle beskikbare media en mediums moet gebruik word met bewusmakingsveldtogte en om die ware situasie te kommunikeer (bv. sosiale media, koerante, pamflette, t-hemde, oprig van borde, plakkers by gastehuise, karavaanpark, ens);
- uitvoering van inspeksies deur wetstoepassingsafdeling, ook hulpverlening met verspreiding van inligting;
- besoeke aan hoë waterverbruikers (residensieel en besighede) deur raadslede en senior amptenare.

(2) Finansiële Komponent

- Instel van vlak 5-waterbeperkings;
- Verlenging van rampgebied verklaring;
- Aanpassing van tariewe op so 'n manier dat die armste van armstes nie nadelig geraak word nie, maar dat tariewe tog as afskrikmaatreël gesien word;
- Aanpassing van begroting met in ag neming van wetlike aspekte;
- Oorweging van 'n insentief aan verbruikers wat binne toegekende teiken water verbruik, bv. afslag op munisipale waterrekening.

(3) Tegniese Komponent

Daar moet besef word dat die tegniese oplossings nie binne ses tot nege maande kan realiseer nie. Daar is drie oplossings waarvan elkeen tussen R80 tot R100 miljoen kan bedra om in werking te stel, naamlik:

- Sink van boorgate
- Hergebruik van rioolwater
- Ontsoutingsaanleg by Yzerfontein

BESLUIT

(a) Dat die erns van die water skaarste as een van die grootste rampe in die Weskaap en Swartland besef word;

(b) Dat opdrag aan die Munisipale Bestuurder gegee word om 'n spesiale taakspan aan te wys om oplossings en aksies onder voormelde komponente te ondersoek;

(c) Dat die water skaarste-kwessie as 'n staande item op die agenda van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee geplaas word om gereelde terugvoering te gee.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 8 AUGUSTUS 2017

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 8 Augustus 2017 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 6 SEPTEMBER 2017

5.1.1 ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1/...

5.1.2 MUNISIPALE BESTUURDER EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 VERLENGING VAN VERKLARING VAN 'N PLAASLIKE RAMP BINNE DIE GRENSE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT (17/5/1/1)

Die verklaring van die Swartland Hospitaal tot 'n plaaslike ramp is na oorlegpleging met die betrokke Provinsiale Departemente en die Weskus Distriksmunisipaliteit in die Provinsiale Koerant, No 7785 van 23 Junie 2017 afgekondig.

Die verklaring is aanvanklik vir 'n periode van drie maande van krag, waarna dit op 'n maand-tot-maand basis verleng moet word.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 55(5)(c) van die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002, die verklaring van die Swartland Hospitaal as gevolg van die verwoestende brand tot 'n plaaslike ramp verleng vanaf 24 September tot 23 Oktober 2017;

(b) Dat 'n versoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig word om die verlenging van die verklaring tot 'n plaaslike ramp te ondersteun;

(c) Dat die goedkeuring van die verlenging van die verklaring aan Provinsie gestuur word vir publikasie in die eersvolgende Provinsiale Koerant.

7.2 MUNISIPALE BEHUISINGSPYPLYN INGEVOLGE DIE RAAD SE MENSLIKE NEDERSETTINGSPLAN (17/4/2/B)

Die Provinsiale Departement van Menslike Nedersettings benodig 'n goedgekeurde behuisingspyplyn vanaf munisipaliteite om 'n omvattende sakeplan aan die Nasionale Departement van Menslike Nedersettings voor te lê.

Die behuisingspyplyn word as 'n beplanningsdokument beskou wat die behoefte aan behuising binne die Swartland munisipale gebied weerspieël. Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat dit baie moeilik is om dit as 'n beplanningsdokument te gebruik as Provinsie nie hul verbintenis nakom om die meerjarige DORA-toekennings bekend te maak nie.

Die Munisipaliteit is in proses om die meerjarige begroting te hersien, en kan daar nie vir eksterne dienste in behuisingsprojekte ingevolge die behuisingspyplyn voorsiening gemaak word, as slegs die 2017/2018 finansiële jaar se toekenning bekend is nie.

Die Munisipale Bestuurder beklemtoon dat daar 'n daadwerklike poging by munisipaliteite is om geïntegreerde beplanning (joint planning initiatives) en samewerking met provinsiale departemente te bewerkstelling.

7.2/...

Die Munisipaliteit kan egter nie beplanning op leë beloftes baseer nie, en moet die Departement van Menslike Nedersettings aangespreek word om ondernemings na te kom.

BESLUIT

(a) Dat die aangepaste Behuisingspyplyn soos voorgelê deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanvaar word;

(b) Dat die voorgestelde behuisingspyplyn 'n beplanningsdokument is en onderworpe is aan die beskikbaarheid van fondse, geskikte grond en grootmaatdienste binne die onderskeie dorpe. indien voldoende fondse nie beskikbaar is nie, kan projekte moontlik aangeskuif word na die volgende finansiële jare;

(c) Dat kennis geneem word dat Riebeek Kasteel en Riebeek-Wes geïdentifiseer is as dorpe met 'n hoë groeipotensiaal;

(d) Dat die Munisipaliteit tans in onderhandeling is met die *"Housing Development Agency"* rondom die oordra van 'n gedeelte grond van die plaas Michiel Heynse Kraal in Chatsworth, en indien suksesvol, daar gepoog sal word om die Chatsworth Behuisingsprojek voor einde Junie 2018 af te handel;

(e) Dat daar kennis geneem word dat 'n aanvang geneem is met die Riebeek-Wes Behuisingsprojek;

(f) Dat, met verwysing daarna dat die DORA-toekenning net ten opsigte van die 2017/2018 jaar aangetoon word, die verdere toekennings soos onderneem deur die Minister van Menslike Nedersettings tydens 'n gesprek op 18 April 2017 opgevolg word. Dat die Minister in kennis gestel word dat daar vir geen eksterne dienste begroot kan word as die bron van finansiering nie duidelik is nie, en dat Swartland Munisipaliteit dus nie die begroting kan goedkeur as hierdie syfers nie bekend is nie.

7.3 TENDER L04.16.17: VERVREEMDING VAN ERF 9968, MALMESBURY (12/2/B)

Die Raad het op 23 Maart 2017 goedkeuring verleen dat die kerkpersele onderskeidelik in Ilinge Lethu, Malmesbury (erf 9968, groot 957 m²) en Chatsworth (erf 1652, groot 1975 m²) ingevolge die relevante wetgewing vervreem mag word.

Die reserwe pryse is ingevolge die Beleid insake die Oordrag van Munisipale Kapitale Bates vasgestel op:

- Erf 1652, Chatsworth R30 000,00 (20% x R150 000,00)
- Erf 9968, Malmesbury R9 200,00 (20% x R46 000,00).

Daar is geen tender ontvang ten opsigte van erf 1652, Chatsworth nie.

'n Totaal van ses tenders is ontvang vir die aankoop van erf 9968, Malmesbury. 'n Komitee is deur die Munisipale Bestuurder aangewys om die tendervoorstelle te evalueer, bestaande uit rdle O M Stemele, N S Zatu, die Direkteur: Ontwikkelingsdienste en die Direkteur: Korporatiewe Dienste. Slegs twee tenders het die vereiste 70% volgens die kriteria soos opgelê in die tenderdokument. Die aanbiedinge was as volg:

- Apostolic & Prophetic Revival Minitry – R50 000,00 (BTW uitgesluit)
- Naqshbandi Muhammadi Order of South Africa – R30 000,00 (BTW uitgesluit)

BESLUIT

(a) Dat Tender L04.16.17 vir die Verkoop van Erf 9968 Malmesbury toegeken word aan die *Apostolic & Prophetic Revival Ministry* vir die bedrag van R50 000,00, uitgesluit Belasting op Toegevoegde Waarde;

7.3/…

(b) Dat goedkeuring verleen word vir die oordrag van die bate (Erf 9968 Malmesbury) aan die *Apostolic & Prophetic Revival Ministry* soos voormeld.

7.4 VOORGESTELDE VERKRYGING VAN GROND: GEDEELTE (3000 M² GROOT) VAN GEDEELTE 7 VAN DIE PLAAS 643, MALMESBURY (12/2/1-11/3 15/3/1)

BESLUIT dat die item onttrek word om geleentheid te gee vir verdere gesprekvoering met die eienaar.

7.5 NOTULE VAN 'N MUNISIPALE PRESTASIE- EN RISIKO OUDITKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 23 MEI 2017 (11/1/3/1/7)

Die notule van die Munisipale Prestasie- en Risiko Ouditkomiteevergadering gehou op 23 Mei 2017, is met die sakelys gesirkuleer.

Die komitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en maak hoofsaaklik aanbevelings aan die Raad vir oorweging. Daar is egter nie enige aanbevelings van die komitee in die betrokke notule waarvoor 'n raadsbesluit benodig word nie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie- en Risiko Ouditkomitee se vergadering van 23 Mei 2017.

7.6 UITSTAANDE DEBITEURE – AUGUSTUS 2017 (5/7/1/1/MY)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Die Direkteur: Finansiële Dienste behandel die verslag. Die kruks van die stand van uitstaande debiteure word in paragraaf 4 van die verslag aangedui. Uitstaande debiteure vir Augustus 2017 is 3,61% van die inkomste uit dienste voor die nuwe maand se heffing wat in vergelyking met die vorige jaar 'n vermindering aandui.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Augustus 2017.

7.7 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Augustus 2017 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.8 VOORGESTELDE HERSONERING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 2366, ERF 2318 ASOOK 'N GEDEELTE VAN ALPHASTRAAT, MOORREESBURG (15/3/3-9)

Daar is reeds goedkeuring verkry om die bestaande begraafplaas op Moorreesburg met 2000 m² uit te brei (in kursief aangedui op die aangehegte terreinplan). Dit is egter nodig om die begraafplaas verder te vergroot om vir toekomstige behoeftes voorsiening te maak.

'n Bespreking volg aangaande die moontlikheid om 'n meer geskikte ligging vir 'n nuwe begraafplaas te oorweeg, en dus die voorgestelde vergroting af te skaal.

Besluit/...

7.8/...

BESLUIT

(a) Dat die item terugverwys word om geleentheid te gee om die uitlegplan te wysig deur die afskaling van die voorgestelde vergroting van die Moorreesburg begraafplaas;

(b) Dat daar onmiddellik ‘n aanvang geneem word met prosesse in die identifsiering van ‘n nuwe ligging vir die Moorreesburg begraafplaas.

7.9 VERLENGING VAN VERKLARING VAN ‘N PLAASLIKE RAMP BINNE DIE GRENSE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT AS GEVOLG VAN DIE DROOGTE (17/5/1/1)

Die Uitvoerende Burgemeester het op 28 Junie 2017 die Swartland munisipale area tot ‘n rampgebied verklaar weens die erns van die aanhoudende droogte en die water skaarste wat ondervind word.

Die aanvanklike verklaring is geldig vir ‘n periode van drie maande, waarna dit op ‘n maand-tot-maand basis verleng moet word.

Die situasie het intussen nog nie verander nie, en is ‘n verlenging van die verklaring nodig om nasionale en provinsiale ondersteuning te verkry in oplossings om volgehoue watervoorsiening te verseker.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 55(5)(c) van die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002, die verklaring van die Swartland munisipale gebied tot ‘n plaaslike ramp weens die aanhoudende droogte met gepaardgaande water skaarste verleng vanaf 8 Oktober tot 7 November 2017;

(b) Dat ‘n versoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig word om die verlenging van die verklaring tot ‘n plaaslike ramp te ondersteun;

(c) Dat die goedkeuring van die verlenging van die verklaring aan Provinsie gestuur word vir publikasie in die eersvolgende Provinsiale Koerant.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER